

'n Vars benadering tot SITRUSBEMESTING

Sitrusbemesting in Suid-Afrika het die afgelope jare weens die kompetisie vanaf die buiteland baie verander. Hierdie verandering was egter tot voordeel van die Suid-Afrikaanse produsent gewees.

Hantie Reed en Martin Breytenbach

OPBRENGSVERBETERINGSTELSELS, KYNOCH KUNSMIS

SITRUSPRYSE IS ONDER druk as gevolg van internasionale kompetisie en daarom word produsente genoodsaak om beter kwaliteit en meer vrugte te bemark. Hierdie tendens het veroorsaak dat daar meer wetenskaplik na produksie en kwaliteit gekyk moet word indien sitrus volhoubaar en winsgewend verbou wil word.

Kynoch Kunsmis se opbrengsverbeteringstelsels is ten doel om wetenskaplike kennis te gebruik om die winsposisie van die produsent te verhoog en risiko te verlaag. By sitrusbemesting behoort daar op die volgende gekonsentreer te word:

- Groeistadiumspesifieke bemesting.
- Koolhidraatbestuur regdeur die seisoen.
- Plekspesifieke bemesting gebaseer op grond- en blaarontledings.
- Die gebruik van 'n kombinasie van produkte binne 'n bemestingsvoorstel.

Daar bestaan interaksie tussen bogenoemde punte wat eintlik as 'n eenheid bestuur behoort te word. Om dit suksesvol te integreer, is die regte kombinasie van bemestingsprodukte in 'n spesifieke volgorde, van kardinale belang om optimum opbrengs, kwaliteit en vruggroottes te realiseer.

Groeistadiumspesifieke bemesting

'n Strategie wat dikwels ingespan word om die groeiseisoen vir die meeste soorte sitrus in vyf verskillende goeistadiums te verdeel, is:

- Blominduksie
- Blomperiode
- Vrugset
- Vruggroei
- Rypwording

Bemestingsprodukte en die tyd van toediening moet so gekies word dat die sitrusboom ontvang wat dit benodig wanneer dit nodig is en teen die regte benodigde hoeveelhede.

Hieronder volg 'n indeling van die verskeie goeistadiums van 'n sitrusboom:

Blominduksie: Tydens hierdie stadium ondergaan groeipunte hormonale verandering in so 'n mate dat groeipunte nou blomknoppe kan vorm. Dit word gevolg deur die proses van blomdifferentiasie wat van 'n paar dae tot vier maande kan duur. Hierdie proses vind gedurende die winter-dormansie periode plaas.

Blomperiode: Blomme vorm en bestuiwing vind plaas. Temperatur en water speel gedurende hierdie stadium 'n groot rol. Warm droë toestande kan bestuiwing negatief beïnvloed en gevolglike swak vrugset tot gevolg hê.

Vrugset: Nuwe vruggies word aangelê na bestuiwing. Die potensiële oes word dus hier verder bepaal.

Vruggroei: Vinnige seldeling en selgroei vind plaas. Vrug-grootte en kwaliteit word tydens hierdie stadium bepaal.

Rypwording: Veroudering vind plaas en vrugte word ryp. Koel temperature is nodig om verkleuring te induseer.

Koolhidraatbestuur

Koolhidraatbestuur is een van die belangrikste fasette in die bemesting van 'n sitrusboom. Hoe beter die koolhidrate bestuur word, hoe hoër kan die opbrengs wees en hoe kleiner gaan die gaping tussen 'n hoë produksie jaar en 'n lae produksie jaar wees. Gereelde boordbesoeke saam met oesskattings is baie belangrik om die bemesting te bestuur en te verhoed dat die boom nie van sy koolhidrate onnodig vir die bestaande oes gebruik, wat dan die volgende jaar se opbrengs kan verlaag nie.

Die suksesvolle bestuur van koolhidrate tydens die heersende seisoen sal die vrugte van die volgende seisoen beïnvloed.

Plekspesifieke bemesting

Die uitgangspunt van enige bemestingsprogram behoort 'n blaar- en grondontleding te wees. Maak altyd gebruik van 'n betroubare en verkieslik geakkrediteerde laboratorium en vergewis jouself van die ontledingsmetodes wat gebruik word. Hierdie ontleding vorm die basis van 'n bemestingsvoorstel en tesame met alle ander inligting word dit 'n uiters belangrike bestuurshulpmiddel in sitrusproduksie.

Die tyd van grond- en blaarmonsterneming is belangrik en resultate moet gehou word sodat daar 'n boordgeskiedenis opgebou kan word. Die laaste drie jaar se ontledingsresultate



word gewoonlik gebruik om die nuwe seisoen se bemestingsvoorstel te maak. Hierdie inligting word dan saam met die bemestingsgeskiedenis gebruik om die effektiwiteit van bemesting te evalueer en sodoende die beste bemestingsvoorstel te maak om optimum opbrengs en kwaliteit te bewerkstellig.

Bemestingsvoorstel

'n Bemestingsvoorstel bestaan uit die kombinasie van verskillende bemestingsprodukte wat in die regte volgorde gegee word. Hierdie bemestingsprogramme oor die groeiperiode van die sitrusboom wat fosfaat (P), swael (S) en mikro elemente (Zn, Mn, Cu, Fe, B, Mo) bevat, tree op as balans voedingstowwe in die boom en dit is baie belangrik dat hierdie voedingstowwe in genoegsame hoeveelhede teenwoordig moet wees sodat die boom maksimaal bestuur kan word.

Stikstof (N) en kalium (K) word gebruik om die boom se koolhidrate binne die verskillende groeistadiums te manipuleer. Gedurende die vegetatiewe stadium van die sitrusboom

word stikstof bemes om die boom vegetatief te laat groei om sodoende die fotosinterende oppervlakte te vergroot. Kalsium (Ca) speel ook 'n baie belangrike rol hier vir optimale seldeling saam met magnesium (Mg) om chlorofielproduksie (groen kleur) te verhoog. Kalium (K) word tydens die vegetatiewe groeistadium relatief laag gehou.

In die reprodktiewe stadium van die boom waar die vrugte begin vorm, word die stikstofbemesting laag en die kalium bemesting baie hoog gehou. Fosfaat, swael en mikroelemente bly deurentyd belangrik om te sorg dat die boom verder gemanipuleer kan word.


Indien daar te min voedingstowwe bemes word vir die oes wat gedra word, sal die boom van sy reserves begin gebruik om die oes te vergroot. Indien daar van hierdie reserves gebruik word is dit moontlik dat 'n kleiner oes na so 'n groot oes gerealiseer kan word.

Opsomming

Sitrusoeste kan met behulp van plantvoeding gemanipuleer word deur die regte voedingstowwe op die regte tyd en teen die regte hoeveelheid toe te dien. Grondontledings, chlorofielmeterlesings en blaarontledings is baie belangrike hulpmiddels in sitrusbestuur.

Maak van kundiges gebruik wat die sitrusboom se fisiologie verstaan en die nodige kunsmisprodukkennis het om die gewas tot finansiële voordeel van die produsent te bestuur. <<

« you can nurture
growth
at every stage. »



The **Veggie OEMFF®** range consists of three tailor-made formulations, i.e. **Veggie OEMFF® Starter**, **Veggie OEMFF® Grow** and **Veggie OEMFF® Fruit**, to complement the macro and micro nutritional requirements of the plant at each phenological stage.

Veggie OEMFF®:

- Supports and enhances root development, growth, flowering and cell enlargement.
- The applicable micro-elements are chelated.
- Assists in the mitigation of crop stresses.
- Can be used under high or low pH conditions.
- Contributes towards excellent yields and profits.

Kynoch – enhanced efficiency innovation.



011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za

Not trading in the Western Cape

Farmisco (Pty) Ltd t/a Kynoch Fertilizer Reg nr: 2009/0092541/07

25 kg – Veggie OEMFF® Starter K9088 (Act 36 of 1947).

25 kg – Veggie OEMFF® Grow K9090 (Act 36 of 1947).

25 kg – Veggie OEMFF® Fruit K9091 (Act 36 of 1947).

